NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

❖ **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
❖ **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

11 Februarie 2022: Nr 05/2022

Warmnuus

❖ Huweliksbevestigers deel jou frustrasies!

Probleme ondervind met Binnelandse Sake t.o.v. huwelike - **Gustav Claassen**, Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode, het later die maand 'n zoomvergadering met *Binnelandse Sake* om bogenoemde met hulle te bespreek.

- Hy vra dat indien Huweliksbevestigers probleme ondervind, hulle 'n KORT samevatting [ingesluit name, datum ens.] sal stuur ***vóór of op 17 Februarie*** na sophiadk@ngkerk.org.za.

❖ Biddag vir Onderwys en Opvoeding

Alle gemeentes word aangemoedig om op Sondag *13 Februarie* vir onderwysers en leerlinge te bid.

❖ Wêreldbiddag vir Vroue 2022

Die skrywerslande is *Wallis, Engeland en Noord-Ierland*
Datum: ***04 Maart***
Tema: **"Ek weet wat Ek vir jou beplan" -** Vir die inligting en bestelvorm, kontak asseblief die kantoor – tel 082 450 9305, epos wwdpsa@gmail.com – of besoek die volgende skakels op hulle webwerf: https://www.wwdp.co.za/information of https://www.wwdp.co.za/information/order-from.

Sinodenuus

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: *15 Februarie*
Skrifgedeelte: **Lukas 6:27-38**
Kontak Fanie Cronjé (083 415 1452) of Kobus Myburgh (083 227 7185) vir navrae.
Zoom uitnodiging: Join.
Zoom Meeting: Kliek hier
Meeting ID: 921 9767 1478; **Password**:453371

❖ Teologiese Opleidingstrust

Versterk die Kerk; Ondersteun Teologiese studente; Help lidmate deur belastingvermindering

Flip du Toit skryf soos volg: Nog 'n moeilike finansiële jaar eindig 28 Februarie - Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is 'n geregistreerde Openbare Weldaadsorganisasie (soortgelyk aan die Bybelgenootskap) asook 'n geregistreerde Nie-Winsgewende organisasie. Skenkings kan eenmalig geskied (voor einde Februarie om vir hierdie belastingjaar te geld) of dit kan maandeliks geskenk word.

Meer inligting: Dr Flip du Toit. Tel 0621190255 / 0827817076 of admin@teotrust.org. [Kliek hier]

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Beroepe/Bevestigings

<< Brits J van Rensburg word op Sondag *13 Februarie* met die oplegging van hande in die kombinasie **Harare/Marondera** georden en bevestig. Die bevestiging vind in die NG Kerk van Harare plaas. Die Gemeente is in 'n samewerkingsooreenkoms met die Hervormde Kerk.

Marco la Grange [Koedoeskop] is na Lux Mundi beroep. **>>**

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar ...

13/02 Johan van As [Wonderboom-Suid]
14/02 Tokkie Scheepers [Emeritus]
Jannie Hamman [Emeritus]
16/02 Niekie Lamprecht [Emeritus]
17/02 Attie Nel [Waverley]
18/02 Jacques Erasmus [Hulp en Hoop]
19/02 Pieter Devenish [Rooihuiskraal]

****

14/02 Gerda Barnard [Eggenote van Hendrik Barnard, Valhalla]
Liese Meiring [Eggenote van Arno Meiring, Universiteitsoord]
Christa Lambrechts [Eggenote van Hendrik Lambrechts, Wespoort]
17/02 Juckie de Vos [Eggenote van Wouter de Vos, Wonderboompoort]
18/02 Nicolene Venter [Eggenote van Peet Venter, Piet Potgietersrust]
Petro Small [Eggenote van Kobus Small, Petronella]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Valhalla [15/02/1960]

❖ Riviera-Jakaranda - Basaar >>>

Adres: Blakestraat 125, Riviera
Navrae: 012-329 3601

❖ Daspoort - 100ste verjaarsdag: 24 Februarie 1922

- *26 Februarie*: 100ste verjaarsdagpartytjie – gemeente braai
- *27 Februarie*: Spesiale diens – 100ste verjaarsdag en Eddie de Waal se Emeritaatsdiens.

❖ Pierneef

Groen-Basaar: *5 Maart*
Adres: Pierneefstraat 954, Villieria / 012 333 4273
Toegang: Bring jou weeklikse herwinning saam.
Vir jou kos en inkopies: Bring houers en inkopiesakke van die huis af.

Toerusting

❖ Excelsus: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Jaarprogram 2022 – Hiermee die programme wat Excelsus vanjaar aanbied. Kliek hier vir die Jaarprogram. Teken solank die datums aan en kyk uit vir die bekendstellingsmateriaal vir elkeen van die aanbiedings.

Lentekonferensie – *20-22 September 2022* [Aanlyn/UP en NG Universiteitsoord] - 30 VBO-punte.

Kursusse/werkswinkels: Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

- **Predikante in die afrondingsfase van hulle bediening - "Daar is lewe vóór én ná aftrede" -** Kliek hier vir die volledige uitnodiging - *15-16 Februarie – Aanlynaanbieding*
- **Dink nuut oor jou bediening** *(Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling)* **-** Module 1: Oor ons konteks: **Waar is ons nou?** *[6e groep] - 21-23 Februarie – Aanlyn / NG Kerk Stellastraat. Aanbieder: Dr André Bartlett.* [30 VBO-punte]
- **Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes -** Werkswinkel 1: *24–25 Februarie - NG Kerk Stellastraat, Pretoria. Aanbieder: Prof Malan Nel* [10 VBO-punte]

❖ Hugenote Kollege: Uitvoerende kortkursusse van die Skool vir Sosiale Innovasie

Hier is 'n wonderlike geleentheid wat benut kan word [via Zoomsessies en selfstudie]. Dit is gratis en 'n belegging in vaardighede en kennis wat die kerk tot groot voordeel kan wees. Aangesien daar 'n beperkte aantal gratis beurse beskikbaar is sal diegene ondersteun word wat eerste reageer.

- **Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap** – *23 Februarie tot 23 Maart*
- *[Registrasie: 18 Februarie]*
- **Mensgesentreerde ontwerpdenke vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap** – *28 April tot 31 Mei*
- *[Registrasie: 23 April]*
- **Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap en Emosionele Intelligensevir Sosiale Besigheid** – *8 Junie tot 20 Julie [Registrasie: 3 Junie]*
- Kliek hier vir registrasie

Al die inligting: inhoud van kursusse, datums en kontakpersone is deel van die aanhangsel [Kliek hier].

Ander nuus

❖ Wees goed vir jou kleinkinders

'n Seminaar onder leiding van *Christo en Hannatjie van Vuuren*, spesiaal vir Oumas en Oupas, word op *26 Febuarie* by *Kerk-in-Suid* aangebied. [Kliek hier vir volledige inligting]
Sluitingsdatum: *21 Februarie*

❖ Trauma Psycho Education

A workshop on equipping Psychologists, Social Workers, Trauma Counsellors & Christian Counsellors in effective Trauma Psycho Education [previously referred to as Trauma Debriefing]
When: *Six On-line sessions*: *14, 21, 28 February & 7, 14 March 2022 [11:00 – 13:00]*

- Kliek hier vir die volledige inligting.

❖ Kerkbode: Nuusbriefprikkies

- Die eerste groepe bedienaars en diensleraars het laasjaar hulle teologiese kursusse voltooi. Teoloë meen die nuwe 'bane' maak teologiese opleiding meer toeganklik. Vir lidmate kan al die nuwe benamings egter nog vreemd op die oor val. Kliek hier.
- In die middel van die Covid-19-pandemie het **Marileen Steyn** onderhoude met meer as 40 predikante, almal in die Wes-Kaap, gaan voer. Sy wou onder meer hoor wat is Korona se geskenk aan hulle en hoe 'cope' hulle? Kliek hier.

- Sedert die pandemie lyk begrafnisse steeds anders - aanlyn roudienste skep afstand tussen roubeklaers. "Hoe rou ons nou?" vra Le Roux Schoeman vir ***dr Nicholaas Matthee***, 'n navorsingsgenoot verbonde aan die Universiteit Stellenbosch (US). Kliek hier.

❖ Vakatures

- **Kameeldrif: Musiekbediening**

  Sluitingsdatum vir aansoeke: *28 Februarie* 2022. Die kandidaat moet beskikbaar wees vir ’n speelbeurt.
  Navrae: Kerkkantoor Kameeldrif - 012 756 4334

- **Môregloed: Koster**

  Posbeskrywing: Die Koster is verantwoordelik vir die toesighouding oor die skoonmaak van die kerkgebou, die kerk se fasiliteite, tuin en terrein.
  Belangstellendes word versoek om ’n CV met dekbrief vóór of op *26 Februarie* 2022 by die Skriba te besorg of elektronies te stuur aan die Skriba, kerkkantoor@ngkerkmoregloed.co.za.
  Suksesvolle kandidaat moet beskikbaar wees om op *1 Maart 2022*, of so gou moontlik daarna diens te aanvaar.
  Kliek hier om die volledige advertensie te lees.

- **Kerkbode Vakatures:** Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif